

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “’n Moeilike geboorte”

Skriflesing: Matteus 1:18-25

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterreheemel ruis.

*Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.*

*Skenk ons ‘n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal.

Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

*Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.*

*Skenk ons ‘n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

Voel jy ook nou sy warm liefde

As ons die dag gedenk,

Toe Hy sy Seun aan ons gegee het –

Ons grootste kersgeskenk.

*Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer.*

*Skenk ons ‘n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

Broodjies vir die pad

God never gives someone a gift they are not capable of receiving. If he gives us the gift of Christmas, it is because we all have the ability to understand and receive it. Pope Francis

We consider Christmas as the encounter, the great encounter, the historical encounter, the decisive encounter, between God and mankind. He who has faith knows this truly; let him rejoice. Pope Paul VI



Poet in the Mall: Pre-krisimis blues

Vier faux haikoes tydens die laaste jaargety

1.
en oral faux sneeu
Kersvader se glittering balls
wat saam met beurtkrag flikker

2.
spur mugg & bean
kfc wimpy
gee, gee, gee

3.
swart vrydag
verreken in rooi
kredietkaart: hoerkind

4.
*i wish you a stille nag
sonder #hashtags of insta-
gram of ‘n very merry xmas*

(Gisela Ulyyatt. 2016)

<http://versindaba.co.za/2016/12/13/gisela-ullyatt-poet-in-the-mall-pre-krisimis-blues/>



'Lós die Plet-matrieks!'

Rian van Heerden

'n Onlangse video op Netwerk24 oor #PlettRage2016 het my verstom. Nie soseer die video nie, eerder die kommentare daaronder.

Teen die skrywe hiervan is die video al 129 000 keer gekyk met rondom 643 persone wat kommentaar gelewer het. Heelparty het die video (en matrieks) veroordeel en woorde soos “teleurstelling”, “pak slae”, “nag”, “hartseer”, “siesa” en “geen respek” gebruik.

Talle het sommer besluit hul (selfs ongebore) kinders sal Plet nooit sien nie en daar was selfs diegene wat verklaar het ouers wat hul kinders daarheen gestuur het, speel in Satan se hande.

Hierdie ontsteltenis is natuurlik niks nuuts nie. Vandat matrieks kort ná hul eindjaareksamens op vakansie begin gaan het, is daar ouers wat vas oortuig is dat hulle as bedwelmdes slette sal terugkom. Of nog erger, met 'n ietsie in die oond en 'n voorliefde vir rockmusiek.

Ironies genoeg was dit byna nooit diegene wat toegelaat is om langs die see uit te haak wat uiteindelik sosiaal wanaangepas uitgedraai het nie. Dit was maar gewoonlik diegene wat by die huis moes bly en die papegaaie se hok moes skoonmaak, wat uiteindelik sou sukkel om by 'n flink veranderende wêreld aan te pas.

Hulle is dan ook gewoonlik eerste om 'n eng eiertjie te lê wanneer iets nie akkordeer met die waardes waarvan hulle een keer by die haarsalon in 'n tydskrif gelees het nie.

Maar kom ons begin by die begin. Wat is waardes en wie besluit daarvoor? Is dieselfde waardes van die vorige generasie nog geldig of is dit uitgedien?

Waaroor gaan die #PlettRage2016-ontsteltenis? Dat Plettenbergbaai hierdie magiese vermoë het om mense spontaan te laat seks hê met mekaar, laat rook, laat beskonke raak en les bes, hulle laat eksperimenteer met dwelms en satanisme?

Dit terwyl hierdie tieners eintlik elke naweek al bogenoemde kan doen en bes moontlik baie meer van al bogenoemde weet as jy?

Is jou vrees eintlik dat jy misluk het as 'n ouer? Dat jy nie genoegsaam met hulle gesels het oor al die gevare van die lewe en seker gemaak het dat hulle die korrekte antwoorde op hul vrae kry nie?

Het jy hulle genoegsaam voorberei om verantwoordelik te kuier? Om nie sommer met vreemdes huis toe te gaan en te bestuur wanneer jy dronk is nie?

Het jy uit ervaring gepraat of dit in 'n voubiljet gelees wat iemand by 'n teepartytjie vir jou aangegee het? Dit is tog die verantwoordelikheid van ouers om raad te gee waar hulle kan, uit eie ervaring, en dan genoegsame vryheid te gun sodat sterk vlerke gevorm kan word.

Vertroue, iets wat soveel meer agting skep as dreigemente.

Ek kom ook agter daar is talle wat in reaksie op die Plett-video's verklaar: "Ons almal was mos eenmaal matrieks! Ons het ook so partytjie gehou!"

Eintlik is dit nie waar nie. Ons partytjies was uit 'n ander era en die gevare was minder. Die rofste ding wat gebeur het op my matriekvakansie was die aand toe ek alleen drie Hooches in Sand Pebbles gedrink het en op Salt-N-Pepa se "Let's Talk about Sex" gedans het. Dit was dit.

Ons sal bes moontlik nou in groter gevaar wees in Plet as wat die meerderheid tieners wat nou daar partytjie hou, ooit sal wees. Solank jy as ouer 'n voortdurende dors vir kennis en sin vir verantwoordelikheid aangewakker het, het jy mos niks te vrees nie of hoe?

Ek kyk na die beelde van die sorgelose tieners en ek moet erken: Ek is jaloers. Om so jonk te wees met soveel keuses en met 'n lyf wat so vinnig herstel!

Ek kyk na die beelde in die video en beny die vrygeestigheid, die lus vir die lewe wat nog nie getemper is deur die realiteit van 'n harde, ongenaakbare wêreld nie. Ongekompliseerde vakansieverhoudings, en om te sien hoe die son opkom op 'n strand, nie vanaf jou motorvenster op die N1 nie.

Kom ons gun hulle dit.

* *Van Heerden is 'n TV-persoonlikheid en radio-omroeper.*

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/rian-van-heerden-los-die-plett-matrieks-20161209#>

Brood vir die pad

Oor alleen wees - en sake in ons eie hart oordink

DJS

In sy vermaaklike *Every Time I Find the Meaning of Life, They Change It* haal die siniese denker Daniel Klein die Amerikaanse teoloog Paul Tillich aan. Instemmend. Dié sou glo sê "ons taal het wyslik aangevoel dat daar twee kante aan alleen wees is –

vandáár die woorde loneliness vir die goorheid van alleen wees en *solitude* vir die grootsheid van alleen wees".

Nou is dit 'n vraag hoe akkuraat dié uitleg eintlik is. Deel van Tillich se reputasie was immers dat hy – as gebore Duitser – ná sy aankoms in Amerika nooit regtig verstaanbare Engels kon praat nie, sodat geslagte studente hulle sou bly verwonder aan sy Duitse Engels – Teutonies, het hulle soms gespot. Wat hy bedoel met "ons taal" is dus onduidelik en eweneens of dié woorde wel presies beteken wat hy beweer. Hoe sou dié onderskeid bowendien in Afrikaans klink? Dog afgesien van geskikte terme, oor die ervaring dat alleen wees wel twee kante het – sowel pynlik as heerlik – dááror twyfel geeneen tog nie.

Gedurende hierdie jaargety getuig vele immers daarvan. Dit word weer die tyd van alleen wees, méér as gewoonlik, vir sommige góéd en gááf en dit waarna hulle al so lank uitsien.

Vir ander slég en swáár en vreeslik, net om nou al daaraan te dink. Dis weer die tyd vir allenigheid, inkeer, stil wees, afgesonder, ja, maar ook eensaam, selfs verlate – sommige smag daarna en kan skaars wag, sommige vrees dié dae en weet nie hoe hulle dit nogeens gaan oorleef nie.

Hoekom sou alleen wees vir sommige so góéd wees? Dalk omdat dit 'n kans is om tot inkeer te kom? Te onthou wat ons al vergeet het? Te doen waarvoor ons lanklaas kans gehad het? Gedagtes te dink wat ons nie meer wis ons het nie? Gesigte, name, insidente in herinnering te roep, dalk iewers diep begrawe? Waardering, dankbaarheid, erkentlikheid te voel opwel wat ons skaars nog ken? Stadigaan en stilweg nuwe fokus te vind, sodat onrus en gejaagdheid bedaar? Geleidelik nuwe oriëntasie te vind, perspektief, samehang te sien waar net 'n verwarrende warboel was?

Die vrede wat alle verstand te bowe gaan te voel beheer kry oor ons sinne? Kalm te word ná al die onstuimigheid? Opnuut verwonderd oor wat alledaags en vanselfsprekend geword het?

Om musiek te hoor – nie net oraloor en in ons ore nie, maar veral in ons binneste, gemoed, hart – musiek straks lanklaas gehoor?

Om soos Maria na te dink oor wat alles tog beteken (Matt 1:29)? Om alles te bewaar en in haar hart te oordink (Matt 2:19)?

[http://www.netwerk24.com/Ontspan/Leef/oor-alleen-wees-en-sake-in-
ons-eie-hart-oordink-20161202](http://www.netwerk24.com/Ontspan/Leef/oor-alleen-wees-en-sake-in-ons-eie-hart-oordink-20161202)



"Christmas is doing a little something extra for someone."

— Charles M. Schulz

(Charles Monroe Schulz was an American cartoonist, whose comic strip Peanuts proved one of the most popular and influential in the history of the medium, and is still widely reprinted on a daily basis.)



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.